

**Vrydag 29 Julie**

**Skrifgedeelte: Openbaring 20:11-15; HK Sondag 19, Antwoord 52**

**Fokusgedeelte: Openbaring 20:12**

### **Die boeke is oopgemaak**

Hoe die vonnis oor al die mense op die oordeelsdag bepaal sal word sodat 'n regverdige oordeel oor elkeen uitgespreek sal word, word deur Johannes in die woorde hierbo aangedui (Op. 20:12). Volgens Artikel 37 van die NGB moet onder hierdie boeke die gewetens van die mense verstaan word. Dit beteken dat elkeen van ons, of ons dit wil weet of nie, besig is om 'n boek te skryf: die boek van ons eie lewe. Onuitwisbaar word elke daad, woord en gedagte in hierdie boek neergeskryf. Presies wat ons gedink, gesê en gedoen het elke dag van ons lewe, staan vir altyd in die boek opgeteken. Daarom, as die boeke geopen word, sal ons hele lewe van begin tot end voor ons lê. Om dié rede sal dit in daardie regsgeding nie nodig wees dat daar 'n ondervraging en verhoor sal plaasvind om die waarheid te bekom nie. Die waarheid sal immers oop en bloot wees as die boeke geopen word en die helder lig wat uit die groot, wit troon van Christus uitstraal, daarop val. Ons dink soms dat dinge wat ons gedoen het, vir goed verby is en dat geen haan ooit weer daarna sal kraai nie. Ons slaag soms daarin om lelike dinge wat ons gedoen het, te begrawe in die begraafplaas van vergetelheid, of om dit toe te brand met die brandyster van 'n onverskillige lewe wat in ligsinnige, wêreldse vermaak ontvlugting soek van 'n aanklaende gewete. Voor God bly nie een van al daardie dinge egter vergete nie. Eenmaal, op die laaste dag, word dit aan al die mense bekend en vorm dit 'n verdoemende getuienis teen my.

Uitdruklik sê Christus dat ons rekenskap sal moet gee van elke ligsinnige woord wat ons uitgespreek het (Matt. 12:36). Christus sal ook rekenskap van ons vorder oor wat ons gedoen het met die gawes en talente wat Hy ons gegee het (Matt. 25:14-20). Ook sal Hy oordeel of daar by ons ware liefde tot ons naaste was, wat gewortel en gegrond is in Christus se groot liefde vir ons, sodat ons dié wat in nood was, gehelp en bygestaan het (Matt. 25:31-46).

Hoewel die getuienis van die lewensboek van my gewete verpletterend is, gaan ek tog Christus se groot, wit oordeelstroon met blye verwagting teemoet, want – en dit is my troos elke keer as ek aan die eindoordeel dink – die Regter voor Wie ek sal verskyn, het self met sy bloed vir al my sondes betaal. Hy, die Regter, het self eenmaal as aangeklaagde en beskuldigde voor God gestaan. Hy het Homself in my plek voor die regbank van God gestel en die straf wat ek ewig moes dra, het Hy vir my weggedra. Wat 'n wonderlike troos!